e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

22 Mei 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 15

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Storms is goed ook

Storms dien 'n doel in die natuur. Dit is nog een van daardie filters wat sekermaak dat die beste genetiese materiaal oorleef.

Ten spyte van die verwoestende krag van storms, is dit verbasend helend. Dit gee riviere in vloed kans om 'n bietjie keel skoon te maak. Biesies, riete en hiasinte word weggespoel en skep die geleentheid dat die watervloei vir 'n ruk kan normaliseer. Nuwe poele en nuwe ekosisteme vorm. Die bome op die oewer wat uitgehol en verswak het, word deur nuwer sterker groeiers vervang. Kyk gerus na die oewers van die Sabie-, Olifants- en Shingwedzirivier na die afgelope jaar se vloede. Net so speel die storms op die see 'n enorme ekologiese rol en is hulle noodsaaklik vir die voortbestaan van ekosisteme.

Behalwe al sy ander wedervaringe, was die reis na Rome waarskynlik vir Paulus een van die mees onvergeetlike. Na drie sendingreise om en deur die Middellandse See was hy 'n berese man. Tydens die seereis na Rome het ongunstige weersomstandighede die vordering vertraag. Aan die kus van Kreta het Paulus hulle gewaarsku dat enige verdere vordering op 'n ramp kon uitloop. Die Romeinse offisier het egter meer waarde aan die matrose se raad gegee, en die reis voortgesit. Dit was nie lank nie, of die gevreesde Noordooster, die Eurakilon, het gewoed. Alle beheer oor die reis is verloor. In die antieke tyd was daar min hoop op redding wanneer 'n mens in so 'n storm beland. Nogtans het die bemanning alles oorboord gegooi om 'n kans op oorlewing te hê. Hulle situasie word treffend in Handelinge 27: 20 beskryf: *Dae lank was die son en die sterre nie te sien nie en het die geweldige wind voortgewoed. Uiteindelik het ons alle hoop laat vaar om gered te word.* Maar dit was tydens hierdie laat en moedelose fase van die storm dat die bemanning ontvanklik geword het vir Paulus se woorde. Paulus moedig hulle aan om te eet, en eet op sigself is simbolies van lewe en vooruitsig. Hulle sal strand, die skip sal tot niet gaan, maar daar sal geen lewensverlies wees nie. Paulus kan hierdie waarborg gee, omdat 'n engel van God hom die versekering gegee het.

Tydens die stranding verloor niemand sy of haar lewe nie. Paulus gryp die geleentheid van die onbeplande omgewing aan. Hy genees die hoof van die eiland se pa. Vir die volgende drie maande het Paulus die evangelie van Jesus Christus op Malta verkondig.

Dit is onwaarskynlik dat Paulus ooit 'n sendingreis na 'n klein eilandjie soos Malta sou onderneem. Sy verblyf op Malta word moontlik verkeerdelik ook nie as een van sy sendingreise beskou nie. Tog, wanneer die skip deur die storm van koers af gewaai word, benut Paulus die ongunstige klimaat om hoop te gee. Hy is die een wat moed inpraat, wat eet, wat vooruitsig gee. Uit Paulus se reis leer ons dat dit nie altyd oor die bestemming gaan nie. Dat dit nie altyd gaan oor waarheen jy op pad is nie, maar waar jy uitkom. Die behoefte en geleentheid is dikwels waar jy is en nie waar jy gedink het jy gaan wees nie.

Storms dien 'n doel. Ons verstaan hulle nie altyd nie. Hulle waai ons van ons bestemmings af weg. Maar hulle is ook goed. Ten spyte van hul vernietigende krag, maak hulle ons ook heel. Hulle laat ons herbesin. Uit die verleentheid waai hulle vir ons nuwe geleenthede oop, en skep weer hoop.

Ds Willie Botha
Lydenburg

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Vakante standplase

- **Gemeente Turffontein in Johannesburg** beplan om eersdaags te beroep en wag aansoeke in van predikante wat in 'n **deeltydse hoedanigheid** in die gemeente kan werk. Die gemeente bestaan uit 276 belydende lidmate, waarvan die helfte bo 50 jaar oud is. Die omvang van die verantwoordelikheid en vergoeding is onderhandelbaar. Die kerkraad behou die reg voor om enige of geen van die aansoeke te aanvaar of nie. Navrae kan gerig word aan die skriba, Lucas Roodt, by 011 436-0094 (h) naure of 078 456 0837. **Aansoeke sluit op 31 Mei 2013.** CV's kan gestuur word na **Andrew.lucas@iburst.co.za**.

- **Gemeente Bloemfontein** beplan om eersdaags te beroep en wag aansoeke in van predikante wat op 'n **voltydse basis** in die gemeente kan werk. Die omvang van die verantwoordelikhede en vergoeding is onderhandelbaar. Die kerkraad behou die reg voor om enige of geen van die aansoeke te aanvaar. Navrae kan gerig word aan Chris Smit by 083 501 0636. CV's moet na **chrisfcs@gmail.com** gestuur word. **Aansoeke sluit op 31 Mei 2013.**

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 OP DIE LAATSTE na **produksie@nhk.co.za** gestuur word.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Ds Tanya van Wyk

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- Baie geluk aan **ds Tanya van Wyk** (UP) wat haar proefskrif in Dogmatiek verlede Vrydag suksesvol verdedig het. Die graad sal in September toegeken word.

- **Pinkstersondag** is op 'n besondere wyse met 'n **gesamentlike erediens** deur **gemeentes in Pretoria** gevier. Die geleentheid was in die saal van Afrikaans Hoër Seunskool en die Pretoria Jeug Filharmoniese Orkes het opgetree. Ongeveer 700 mense het die geleentheid bygewoon. Ds Hannes van der Merwe het 'n liturgie saamgestel wat elkeen bewus gelaat het van die kragtige teenwoordigheid van die Heilige Gees. Ds Thinus van Staden het as solis opgetree, en verskeie dominees het die voorleeswerk gedoen. Dit is 'n besondere ervaring om 700 mense tot lof van God te hoor sing. Almal wat hierdie geleentheid bygewoon het, se reaksie was: Volgende jaar maak ons weer so!

- **AGB-wenk:** Baie bejaardes is bevoorreg om 'n kwaliteitlewe te lei. Tog is daar ander wat nie meer hul eie persoonlike netheid en voorkoms kan hanteer nie en dan verwaarloos voorkom. Kyk na die bejaardes in jou gemeente en omgewing en vind 'n manier om hulle in hierdie opsig by te staan. So voorkom jy dat die spot met hulle gedryf word. Vir meer inligting, **kontak jou diaken of die AGB** by 082 786 8448.

- **Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Potchefstroom. Aansoeke sluit op 31 Mei 2013.** Die vereistes is onder andere:
  - Getroude egpaar.
  - Verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud.
  - Lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk.
  - Goeie gesondheid.
  - Aanvoeling vir kinders.

Benewens ’n maandelikse kontantvergoeding word gratis inwoning in die DPS-huis ook by die pakket ingesluit. Kontak die volgende persone vir meer inligting:
Mnr Otto Viljoen: 012 322 8885 / 079 495 2007 / kinderhuise@nhk.co.za
Ds Willem Kok: 018 294 4187 / 083 664 0058 / wilmak@absamail.co.za
Dit sal waardeer word indien predikante hierdie inligting by die afkondigings van die gemeentes sal insluit.

- ’n **Preekskets** wat **ds Tanya van Wyk** vir **Drie-eenheidsondag 26 Mei** geskryf het, is op Woensdag 22 Mei aan predikante gestuur. Dit kan ook by Bybelstudiegeleenthede of saam met ’n eredienswerkgroep benut word. Die reeks preeksketse is as hulpmiddel vir predikante bedoel, wat vry is om self te besluit of en hoe hulle daarvan gebruik kan maak. **Lidmate** kan gaan na **www.nhka.org** → So werk ons → Toerusting → In Christus se voetspore vir agtergrondinligting oor die betrokke teksgedeeltes wat gesprek in die gemeente kan stimuleer.

Aksiegroep Gestremdheid

- **ADV se Jaar vir Gestremdheid: Respekteer en akkommodeer.** Moenie te hard praat nie; party mense kan goed hoor met gehoorapparate. Hulle kan ook agterkom as jy te hard praat; hulle voel dit beledig hulle. In plaas daarvan om te vermoed dit is maar reg om so te maak, vra eerder *Praat ek te hard of te sag?* Hulle sal jou omgee en sensitiwiteit waardeer (Vicki Fourie, Mej Dowe SA 2009).



- Die tweede uitgawe van die ***Tydskrif vir Hervormde Teologie* (*THT*)** is op Dinsdag 21 Mei uitgestuur aan almal wat die *e-Hervormer* ontvang. Hierdie jaar word die 450-jarige bestaan van die Heidelbergse Kategismus herdenk. Die *THT* neem deel aan hierdie feestelikheid deur aandag te gee aan die drie groot temas van die Kategismus, naamlik sonde, verlossing en dankbaarheid. In hierdie spesifieke uitgawe van die *THT* word aandag gegee aan die sonde, en die tema van die bose wat daarmee verbandhou.

- **Versoek om bydraes vir die *THT*.** Lidmate, kerkraadslede, predikante en akademici word vriendelik uitgenooi om artikels voor te lê vir twee spesiale uitgawes van die *Tydskrif vir Hervormde Teologie* wat aan die begin van Augustus gepubliseer sal word. **Hervormde ekklesiologie:** Artikels wat oor verskillende aspekte van die kerklike lewe handel, byvoorbeeld ook teologiese besinnings oor die werksaamhede van die ADV en die NHSV. Die artikels word nie beperk tot die probleme rakende die belydenis, opleiding van predikante en politiek nie, maar moet die gesprek wat tydens die AKV oor kerkwees gevoer gaan word voorberei, en koers aandui op die kort- en langtermyn. Daar kan ook aandag gegee word aan die probleem van pluraliteit (verskillende strominge) in die Kerk, en voorstelle kan gemaak word oor hoe die eenheid ten spyte van diversiteit gehandhaaf kan word. **Die problematiek *Kerk – Fakulteit*; *Teologie – Wetenskap.*** (1) Artikels wat handel oor die verhouding tussen Kerk en Fakulteit. Dit kan fokus op historiese aspekte, die huidige situasie analiseer en verhelder, of toekomsperspektiewe aanbied. (2) Artikels wat handel oor die hele vraagstuk *Teologie – Wetenskap*. Dit sluit in teologie as wetenskap, kritiese teologie en Bybels-Reformatoriese teologie. Die artikels moet die besluitneming oor die teologiese opleiding voorberei en vergemaklik. Dit moet ook die voortgaande nadenke oor teologie as wetenskap dien. Die tipe teologie wat ons in die NHKA wil beoefen, moet die nodige aandag kry. **Die laaste datum vir die inhandiging van artikels is einde Julie 2013**. Die artikels kan so kort as 2 500 woorde wees, maar moenie langer as 7 500 woorde wees nie. Die *THT* wil ruimte bied aan ’n groot verskeidenheid standpunte. Outeurs word herinner dat artikels positief en opbouend moet wees. Persoonlike en kwetsende opmerkings moet vermy word.

- Lidmate en gemeentes kan gerus weer kennis neem van die **formele versamelbeleid** van die **Kerkargief en Biblioteek** rondom **boekskenking**s. Dit het oor die laaste jare vorm aangeneem, veral sedert die samevoeging van die Kerk se biblioteke in 2011. Skenkings wat formeel opgeneem word, word weens ruimtegebrek beperk. Keuring word toegepas en skenkers word versoek om

vooraf titels te verskaf per e-pos of brief, of deur die argivaris of bibliotekaris te versoek om die boeke wat geskenk wil word, te beoordeel. Die Biblioteek neem veral publikasies van kerkhistoriese en teologiese onderwerpe op wat relevant is vir die uitbou van die huidige versameling, maar byvoorbeeld geen duplikate nie. Boeke word dus op 'n ad hoc-basis beoordeel. Dit is moeilik om vooraf 'n lys saam te stel. Boeke soos woordeboeke en Bybelkommentare word nie sonder meer opgeneem nie. Die afgelope jare is moeite gedoen om duplikate uit te skakel en die versamelings wat talle meters rakruimte beslaan, te ontsluit. Voornemende skenkers moet vooraf met die Argief- of Biblioteekpersoneel skakel. In die verlede is boeke al by die Van der Hoffgebou afgelaai sonder dat ons selfs bewus was daarvan. Boeke kry skade of is nie geskik vir opname nie, en dit veroorsaak 'n verleentheid. Na die Biblioteek en Argief se keuring van boeke bly daar **ander moontlikhede** oor, soos om boeke beskikbaar te stel aan **studente** vir hergebruik. Dit sal natuurlik in oorleg met **die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM) en die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)** verloop.

- **Evaluering van voornemende teologiestudente.** Die evaluering vind op **12 Julie 2013** by UP plaas. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303; e-pos **betsie.brits@up.ac.za**. Die sluitingsdatum vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is **14 Junie 2013.**

- **Toer die Droom 2013: Gemeente Philadelphia**
  Ter ondersteuning van minderbevoorregtes in en om Pretoria
  29 Junie tot 13 Julie uit Pretoria na Laeveld en terug
  Beoog om vanjaar R500 000 in te samel
  Wil u optree as naamborg (R40 000), sekondêre borg (R20 000)
  of enige ander bedrag bydra?
  Kontak Joleen Joubert (Bemarking) by **joleen@mweb.co.za** / 072 272 6644

- **Kerklike eiendom in Venterskroon.** Die Raad van Finansies het besluit om eiendomme wat nie 'n finansiële bydrae tot die roeping van die Kerk maak nie, te verkoop. Die Raad versoek belangstellendes om 'n aanbod in te dien vir die eiendom te Venterskroon. **Die eiendom:** 6,6 ha met drie geboue op waarvan twee woonhuise is en een die ou polisiestasie. Al drie die geboue dateer uit die vorige eeu. Twee van die geboue is tevore gerestoureer, maar die derde een kort baie aandag. Daar is ook 'n tronk op die eiendom en nog 'n gebou wat voorheen 'n motorhuis was maar omskep is in kamers. Op die eiendom is 'n boorgat wat water voorsien aan die kampterrein, en daar sal waarskynlik 'n serwituut geregistreer word om watervoorsiening aan die kampterrein te waarborg. Hierdie is nie die grond waarop die kampterrein geleë is nie. **Aanbiedinge:** Rig die aanbiedinge aan Piet Beukes by Posbus 2368, Pretoria 0001 – verkieslik in 'n verseëlde koevert – **voor 24 Mei 2013**.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Naboomspruit: Sondag 26 Mei om 09:00**
  Emeritaataanvaarding: Dr Hennie Botes
  Na 23 jaar in die gemeente
  Navrae aan dr Botes by 014 743 0209 (h) of **hjbotes@worldonline.co.za**

- **Gemeente Warmbad: Sondag 26 Mei om 09:00**
  60-jarige feesviering van die gemeente
  en 25-jaar-ampsjubileum van ds Marius Bacon
  Nagmaaldiens om 09:00 met vingerete na die diens
  Alle oudlidmate welkom
  Kontak die gemeentelike kerkkantoor by 014 736 3124

- **Gemeente Laer Suidkus: Feesnaweek 14-16 Junie 2013**
  40-jaar-viering
  Vrydagaand 14 Junie vanaf 18:00: Sop-en-sjerrie-ete
  In kerksaal te Scottstraat 3, Port Shepstone
  Oudlidmate wat vakansie hou aan die Suidkus van KZN baie welkom
  Geen koste maar donasies is welkom
  Sop en sjerries word voorsien, bring eie ander drinkgoed saam
  Bevestig teenwoordigheid asseblief vooraf
  Saterdag 15 Junie vanaf 12:00: Potjiedag by die MOTH-saal te Sea Park
  Kontantkroeg, plaaslike gaskunstenaar maak musiek
  Rugby op die groot skerm sluit die dag af
  Kaartjies R50 per persoon
  Kontak Jacques Pieterse by 082 458 4482 of **jacquesjean@vodamail.co.za**
  Sondag 16 Junie om 09:30: Dankdiens in die kerkgebou

- **Gemeente Vereeniging: Eeufeesviering 24 tot 25 Augustus 2013**
  Saterdag 24ste: Gesellige bring-en-braai op kerkterrein
  Sondag 25ste: Erediens met Albertonse Mannekoor om 09:00
  Program en gesamentlike middagete
  Gelukwensings kan gestuur word na **pbboshoff@telkomsa.net**

- **Gemeente Otjiwarongo: 75-jaar-viering**
  Vrydag 30 Augustus: Optrede deur opkomende musiekster Lisa Brönner
  Saterdag 31 Augustus: Feesgeleentheid
  Stalletjies, gesinsvermaak, potjiekoskompetisie en jaarlikse naggholf
  Sondag 1 September: Hoeksteenonthulling en erediens
  gelei deur ds Barrie Oberholzer
  Vir verdere inligting, inskrywings of borge kontak ds Elritia le Roux
  +264 876 3664 of e-pos **propeleroux@gmail.com**

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember 2013
  Basaar en hoeksteenoprigting (met optrede deur sanger Pieter Smith)
  asook Voorbereiding Saterdag
  en Nagmaal en Danksegging met doop Sondag
  Gedenkalbum deur prof Hennie van der Westhuizen
  Navrae en bestellings aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 31 Mei, en word hartlik geluk gewens.**
  - Donderdag 23 Mei: Ds Carel Johann de Bruin (siekte-emeritaat)
  - Vrydag 24 Mei: Dr Robert Jones (Kriel)
  - Saterdag 25 Mei: Di Rudi Botha (beroepafwagtend), Johan Koekemoer (Marble Hall) en Danie Taljard (Sionshoogte)
  - Sondag 26 Mei: Ds Jackie Dippenaar (Oos-Moot) en prop Doret Müller (beroepafwagtend)
  - Maandag 27 Mei: Dr Piet Steenkamp (Pretoria-Noord)
  - Woensdag 29 Mei: Ds Paula Eksteen-Erasmus (Midrand)
  - Donderdag 30 Mei: Ds Louis Nel (emeritus)
  - Vrydag 31 Mei: Ds Gert van Staden (Ring van Bothaville)

Beplande vergaderings

- Woensdag 22 Mei: Opening 6de ADV
- Donderdag 23 Mei: 6de ADV
- Vrydag 24 Mei: 6de ADV
- Saterdag 25 Mei: 6de ADV

- Woensdag 29 Mei: Bestuur van die Ondersteuningsraad
- Vrydag 31 Mei: Raad van Finansies

6de ADV

Volg die Algemene Diakensvergadering (ADV) lewendig by www.diakens.co.za. Die tydskedule sien soos volg daar uit:

Woensdag 22 Mei
18:30 Openingserediens (erediens spesiaal ingerig vir mense met gestremdhede). Deelname deur Prinshofskool vir Visueel Gestremdes se koor, Transoranje-skool vir Dowes se gebaretaalkoor, Skriflesing uit die Braille-Bybel, en die hele erediens word in gebaretaal getolk.
19:30 Openingseremonie en toekenning van die Jan Reynierz-penning

Donderdag 23 Mei
08:00 Opening, konstituering, verkiesing van voorsitter en skriba, agenda
14:00 TOIBO (Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys)
15:00 Gestremdheid in die NHK
15:45 Loop in die skoene van iemand met 'n gestremdheid
17:15 Doulos Armoedebediening
17:30 Kindersorg
19:00 Vicki Fourie, voormalige Mej Dowe SA

Vrydag 24 Mei
09:00 Finansies
11:00 Ondersteuningsraad (Maatskaplike Werk)
12:00 Bejaardesorg
14:00 NHSV
15:00 OTMT (Bejaardesorginrigtings) en stabilisasiefonds
16:30 MIV/vigs
19:00 Optrede deur Uitkoms Versorgingsentrum (verstandelike gestremdheid)

Saterdag 25 Mei
08:00 Toerustingskursus
09:30 Terugvoer oor RDV's
11:00 Finansies – oplossings en begroting

Kursusse en toerusting

- **Hervormde Teologiese Kollege (HTK): Tafelgesprek**
  Vrydag 24 Mei vanaf 14:00
  Raadsaal, Dirk van der Hoffgebou, Pretoria
  Tema: *Teologiese Opleiding – die vennootskap tussen die Kerk en UP*
  Inleier: Dr Wim Dreyer
  Alle lidmate en ampsdraers welkom



- **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)**
  4 en 5 Junie en **5 en 6 November**
  Tema: *Geloofsonderskeiding*
  By Gemeente Wapadrant
  Koste **R350** per persoon **(Let wel: Nié R400 nie!)**
  Predikante wat VTT **in Junie** wil bywoon, moet mev Betsie Brits **nog vandeesweek** kontak
  Faks 012 420 4303 / Tel 012 420 5393 / **betsie.brits@up.ac.za**
  Registrasiefooi verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito
  Kerkgeld vir Kerkwerk, ABSA, rekeningnr 020 149 752, kode 63 20 05
  Verwysing 2013K VTT en naam van kursusganger

- **Interkerklike trauma-ondersteuningskamp**
  Vir naasbestaandes van slagoffers
  9-11 Augustus by Magaliesberg-kampterrein
  (minder as uur van Johannesburg, Pretoria en Rustenburg)
  Inisiatief van Elize Perrin, suster van Mauritz Oberholzer
  (Hy is in September 2012 in plaasaanval naby Brits vermoor)
  Hooffasiliteerder: Ds Pieter Oberholzer, Weermagkapelaan
  en predikant van NG Kerk Groenkloof
  Koste: R550 per persoon (akkommodasie, etes en konferensiefasiliteite)
  Bespreek by Elize by 072 600 5809
  of **deoudepastorie.victoriawest@gmail.com**
  Navrae oor inhoud van program aan Pieter by 082 332 5782
  of **pieterjanob@gmail.com**

Beskikbare behuising

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis-woonstelle in Parys**
  Daar is tans die volgende behuising vir senior burgers beskikbaar:
  2 x enkelkamer met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week
  1 x lieflike enkelkamer met eie kombuis, stoep en tuin,
  met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamers 1 x per week
  R5 800 per maand
  Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

Konserte en feeste

- **Vrydag 24 Mei: Gemeente Pretoria-Noord 18:30 vir 19:00 stiptelik**
  Konsert, ete en dans
  Yoti die Griekse Boertjie
  R120 per persoon, breekborde R5 elk, bring eie drinkgoed
  Drag wit en blou
  Navrae Sandra 072 445 6610

- **Saterdag 25 Mei: Gemeente Culembeeck**
  Manne-Oggend met prof Stephan Joubert as spreker
  In die Simfonie-ouditorium, Witpoortjie, Roodepoort
  R120 per persoon
  Bespreek by ds Annerie Conradie tel 083 291 4782

- **Vrydag 31 Mei om 19:00**: **Gemeente Kaapstad**
  Konsert met Kaapse Walliese Mannekoor te Tygerberg
  Kaartjies R40 per persoon
  Navrae aan ds Kathleen Smith by 021 551 5264

- **Maandag 3 tot Vrydag 7 Junie: Gemeente Hartebeeshoek**
  Jaarlikse Revuefees
  Laerskool Akasia om 19:00
  Magaliesberg se Kinderkoor op Woensdagaand 5 Junie
  R50 per persoon, voorskoolse kinders gratis
  Te koop: Vetkoek met maalvleis, kerrie-en-rys, drinkgoed
  Kontak Elma Williams by 082 562 5244 vir meer inligting
  Kaartjies ook by deure te koop

- **Vrydag 7 Junie: Gemeente Bergsig: Fredi Nest**
  18:00 tot 19:00 in kerksaal
  hv Leonide- en Karel Trichardt-straat, Mountain View
  R30 per persoon
  Navrae by 082 377 0747

Kampe en toere

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: 2 tot 18 Oktober 2013**
  15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  Plek vir slegs 30 – bespreek betyds!
  Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /
  ernest.vaneck@up.ac.za
  of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
  louise.geyser@absamail.co.za

- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
  Beleef God in die voetspore van Jesus
  Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
  Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
  of per e-pos by **faniebeukes@yahoo.com**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Tzaneen: Jagpakket te wen**
  1 x koedoe, 1 x blouwildebees, 2 x rooibokke
  Plus gratis verblyf vir 4 persone op jagplaas in Waterpoort
  Kies tussen 3 beskikbare naweke
  Slegs 300 kaartjies beskikbaar teen R300 elk
  Sluitingsdatum 24 Mei 2013
  Skakel 015 395 4083 of gemeentelike kerkkantoor by 015 307 4508

- **Gemeente Magaliesmoot: Fietsry en stap vir Bybels**
  Saterdag 25 Mei vanaf 08:00
  Aan die voet van die Magaliesberge
  5 of 10 km fietsrit en 5 km pretstap
  Inskrywingfooi R30 per persoon
  Pryse te wen en eetgoed te koop
  Kontak Gerda Naude by 084 565 5008 of **nhkmagmoot@gmail.com**
  om vooraf in te skryf
  of skryf in vanaf 07:00 by die kerkgebou

- **Gemeente Bergsig: Diakens: Straatverkope**
  Saterdag 25 Mei 08:00 tot 13:00
  Vingerlek-lekker gebak, pannekoek, die unieke diaken-*jaffel*,
  warm sop met vetkoekies
  hv Mignon- en Karel Trichardt-straat (oorkant Spar in Mountain View)
  Navrae aan Elmarie by 082 377 0747 of Neeltjie by 076 428 8142

- **Gemeente Laer Suidkus: Jaarlikse *Prawn*-fees**
  Vrydag 5 Julie vanaf 18:30
  In saal van Hoërskool Suid-Natal
  Driegangmaal met eet-soveel-*prawns* as jy wil as hoofgereg
  R150 per persoon
  Ete met hoender as hoofgereg teen R75 per persoon ook beskikbaar
  Besprekings is belangrik, want kaartjies verkoop vining
  Kontak Jacques Pieterse by 082 458 4482 of **jacquesjean@vodamail.co.za**

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Fondsinsameling 1000**
  Wen-'n-boerdery en Noag-se-ark-skildery
  Geleentheid om R50 000 in te samel
  Pakket van 50 kompetisieboekies met 11 kaartjies in elke boekie
  Betaal R5 000 vir pakket van R55 000
  50 pryse te wen, in totaal meer as R100 000 werd
  Wen plaasdiere, bokke, varke, duiwe en vele meer!
  Trekking in Oktober 2013
  Kontak Barry of Marthie Pretorius van Hartbeesfontein
  by 018 431 0331, faks 086 550 1874 of **barrypret@lantic.net**
  Verdere navrae aan ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

Basaars en markte

- **Saterdag 25 Mei vanaf 08:30**
  Gemeente Lichtenburg: Oesfees
  Local is lekker
  Gaskunstenaar Bok van Blerk
  Vir kinders tombola, skyfskiet, glybaan, springkasteel, klimmuur
  Veiling met skilderye, leiklipware, houtmeubels, wildsbokke, Marico-mampoer, oorspronklike Springbokrugbytrui, unieke juwele, ens
  Plaasstalletjie met tuisgemaakte konfyte en lekkergoed, ingelegde vrugte, biltong, naaldwerk, handwerk, draadwerk, ens
  Kompetisie met groot pryse: R15 000; vakansie te Margate vir 5 persone; naweek te Chimera Lodge; Xbox 360 vir die kinders; Android 7" Tablet
  Kaartjies beskikbaar @ R20
  Kwaliteitvleis teen billike pryse
  Kontak Du Toit van der Westhuizen by 082 877 6749
  Willie Manders by 018 632 4830 / **williemanders@arestan.co.za**
  Ds Gerrie Senekal by 082 576 1141 / 018 632 2658 / gcsenekal@nhk.co.za

- **Vrydag 31 Mei vanaf 13:00: Gemeente Delmas: Basaar**
  Tema: *Water vir Lewe*
  Koek, braaivleis met eerstegraad beesvleis
  en gemeente se eie resep boerewors

Vetkoek, kerrie-en-rys, pannekoek, poeding...
Vleisprodukte met topgraad maalvleis en heerlike wors
Agterkwarte beskikbaar op bestelling
Kompetisie: *'n Boer maak en plan en 'n Boervrou het 'n plan*
Bring jou eie slim boereplan groot of klein en spog met jou eie uitvindsel (patent)
1ste prys: R1 000; nog pryse vir 2de en 3de plekke
Navrae aan Heleen by 013 665 2679 of **delmas@nhk.co.za**

- **Vrydag 31 Mei en Saterdag 1 Junie**
  Gemeente Waterberg in Nylstroom: Basaar
  Tema: *Van toeka tot nou*
  Met alles wat tradisioneel by 'n basaar gevind word
  Vleis, potjiekos, pannekoek, pap-en-kaiings, konfyt, groente en vrugte
  Fliek en veteraanmotorskou
  Navrae aan **hervormwaterb@telkomsa.net**

- **Vrydag 31 Mei en Saterdag 1 Junie**
  Gemeente Rustenburg: Boerefees
  Bak van 6 m koeksister, varsgebrande koffie
  Vars brood en beskuit, handwerk
  Platina VLU-streek: Huisvlyt en blomme 28-31 Mei
  Uitstallings van bakkies, trekkers en implemente, veteraanmotors
  Op terrein 2 km vanaf Waterfall Mall op Johannesburg-pad
  Navrae aan Mari by 084 208 7445
  of ds Johan van Wyk by 082 577 4091

- **Vrydag 31 Mei en Saterdag 1 Junie**
  Gemeente Losberg in Fochville: Basaar
  Kosstalletjies, gebak, vleis, biltong, verskeie items by die witolifant
  en tierlantyntjies
  Vir die kinders is daar 'n spookhuistent en speletjies
  Navrae aan Sannietjie Boshoff by tel/faks 018 771 2617 /
  sanboshoff@gmail.com

- **Saterdag 1 Junie van 09:00 tot laat: Gemeente Randfontein Midpark**
  Winterfees
  By die kerk
  Baie te eet, te drink en te sien
  Mnr Boepens, Mnr en Mej
  Toddlers en Tiaras (voorskool)
  Mnr en Mej Walt Disney
  (laerskool)
  Mnr en Mej Greece (hoërskool)
  Vlieërs, kaskarre…
  Kontak die gemeentelike
  kerkkantoor by 011 692 3236

- **Saterdag 1 Junie: Gemeente Van der Hoff op Groblersdal**
  Basaar: *Terugblik op gister*
  Op kerkterrein in
  Voortrekkerstraat
  Verskeie kompetisies, pret vir groot en klein
  Plaaslike sangers; vars vleis; plaasprodukte en wegneemetes te koop
  Gemeente se eie RADIO RUPERT!
  Moenie hierdie fees misloop nie…
  Kontak ds Johan P du Preez by 072 461 0993

- **Vrydag 7 Junie vanaf 12:00: Gemeente Piet Potgieter (Potgietersrus) 40-jaar-feesbasaar**
  Wildsbiltong en wors, gebak en basaarkos
  Teetuin, groente en handwerk
  Kontak Wilma saans by 078 196 7106
  of Janie soggens by 015 491 6310

ANDER NUUS

- **Vakature: Administratiewe Beampte / Rekenkundige Beampte**
  By Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys, Vrystaat
  Rekenkundige agtergrond met ondervinding
  Goeie telefoonetiket en kommunikasievaardighede
  veral ten opsigte van bejaarde persone
  Selfgemotiveerd en in staat om onafhanklik te werk
  Kode 08-bestuurlisensie
  Tweetalig in Engels en Afrikaans
  Rekenaargeletterd in MS Office – veral Outlook, Word en Excel
  Pligte: Beantwoord telefoon en kanaliseer na korrekte afdeling,
  algemene kantooradministrasie,
  invordering van geld en hantering van trustfondse,
  instandhouding van administratiewe en finansiële program op rekenaar
  Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes
  Sluitingsdatum: 30 Mei 2013
  Stuur CV aan: Mev A Botha, faks 056 817-7525, e-pos **hf@otmt.org**

- **Vakature: Assistentverpleegster**
  By Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys, Vrystaat
  Tehuis vir verswakte en selfversorgende bejaardes
  Pligte: Algemene versorging van inwoners, bedwas
  en kliniekdienste soos die neem van bloeddruk
  Vereistes: Goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede
  Vorige ervaring in veld van verpleging van bejaardes sal sterk aanbeveling wees
  Moet geregistreer wees by die Verpleegstersraad
  Normale diensvoorwaardes
  Stuur CV aan mev A Botha, faks 056 817 7525 of e-pos **hf@otmt.org**

- **Nasionale Kinderbeskermingsweek** laaste week van Mei
  Ondersteuningsraad (OSR) versoek **gemeentes en kategeseklasse**
  om **blikkieskos in te samel** en torings daarmee te bou
  Kyk hoe hoog die toring gebou kan word
  of maak die toring 'n simboliese voorstelling van kinderbeskerming
  Skenk die blikkieskos aan die naaste OSR-kantoor vir hulpbehoewende gesinne

of aan enige welsynskantoor of skoolvoedingskema
Stuur **foto's** van die torings na **oraadpb@nhk.co.za** / **diakens@nhk.co.za**
vir plasing op die ADV/OSR se webblad
Gemeentes kan ook ander aktiwiteite hieroor aanbied
Preke vir die Sondag kan ook aan die tema gewy word
Kontak Charmaine Fourie by 012 322 8885 x313 / **oraadpb@nhk.co.za**.

- **Nuwe nasionale fondsinsamelingsprojek op 31 Mei**
  Plakkers te koop @ R10 elk
  5 soorte plakkers
  Diere; algemene welsyn in gemeenskap; kinders; gestremdheid; onderwys
  Ook spesiale paar veters te koop @ R30
  As deel van die plakker is daar ook 'n kleiner plakker om op jou selfoon te plak
  Bestel van TOIBO: Arina Jooste 012 320 7644 / 082 560 5213

- **Saterdag 1 Junie 14:00 tot 16:00: Erediens voor die Comrades-maraton**
  Christen Comrades Hardloperskonferensie
  By die Christ Church Pinetown (hv Kings- en Mellerstraat)
  Navrae aan ds Anneke Viljoen by **anchri@mweb.co.za**
  Oordenking sal waargeneem word deur Rev Vernon Loker

- **Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid**
  Vrydag 7 Junie om 19:30 in die Aula, UP
  Romanz en Nianell: *'n Duisend drome*
  Kaartjies R120 tot R150 per persoon
  Besprekings by skool 012 800 1071 (kantoorure) /
  Marietjie 083 294 8246 (naure) / Lizet 082 550 6960

- **450 jaar Heidelbergse Kategismus**
  Gesprek oor die Kategismus tot versterking van geloof
  Datum: Maandag 17 Junie
  Plek: Gereformeerde Kerk Bellville, Broadwaystraat 6, Vredelust, Bellville
  Tyd: 17:00 tot 21:30 (aandete en verversings)
  Toegang: Deurkollekte; ete moet vooraf bespreek word @ R25
  Sprekers: Dr Victor E. d'Assonville, dr Lourens Erasmus,
  dr Gerard Meijer, ds Erik van Alten
  Gespreksleier: Ds Coen Vrey
  Vir bespreking van ete: 021 911 5419 of **cca.vrey@telkomsa.net**
  Vir algemene navrae: 012 332 1196 of **gerardjmeijer@gmail.com**

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Ek bring graag 'n klein korreksie aan op die berig oor dr en mev Gys Bos se besoek aan die RSA (18 April). Die instansie wat dr en mev Bos na die RSA genooi het en vir die koste ingestaan het, was die Hervormde Teologiese Opleiding wat toe nog te Klipdrift gevestig was. Die HTO het ook gereël dat dr en mev Bos besoeke aan Potchefstroom en Kaapstad/Stellenbosch kon bring. Die berig dat hulle op uitnodiging van die HKSA gekom het, is dus nie korrek nie."

Prof Schalk Botha

(Ons vra verskoning vir die foutiewe interpretasie van inligting wat ons uit dr Bos se kommunikasie verkry het. – Redaksie)

AGTERBLAD

Beeld-Kinderfonds

***Beeld*-Kinderfonds samel jaarliks fondse in deur middel van kompetisies, projekte en donasies. Hierdie fondse word versprei aan instansies wat betrokke is by kindersorg. Vanjaar is 26 instansies bevoordeel.**

Gedurende die 2012/13 finansiële jaar het die NHKA 'n bedrag van R387,991.00 ingesamel vir die *Beeld*-Kinderfonds. Op hierdie bedrag is 'n 20% opbrengs verdien, wat die totaal na R465,590 toe bring.

Die fondse is soos volg verdeel tussen diensorgane van die ADV wat betrokke is by kinderversorging:

DPS-sisteem:	R190,590.00
OSR:	R170,000.00
TOIBO:	R45,000.00

Trustfondse

Privaat-pleegsorgfonds:	R30,000.00
Noodlenigingsfonds:	R30,000.00

Die motorkompetisie is ook weer aan die gang. Kaartjies is beskikbaar by die direksie van die Kinderhuise, TOIBO en die OSR en kos R25 elk.

Otto Viljoen, Bestuurder

Die begunstigdes op 11 Mei tydens die toekenningsgeleentheid by *Beeld* se kantore in Pretoria. Otto Viljoen is agter tweede van links.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel